# BOEKBESPREKINGS

R.M. DE VILLIERS (red.): *Better Than They Knew*, II. Purnell, Kaapstad/Londen, 1974, xiii en 214, pp. R4,50.

Hierdie boek in 'n hardeband met stofomslag bevat kort biografiese sketse van agt persone uit die Engelstalige wêreld wat in Suid-Afrika 'n besondere rol op 'n bepaalde terrein gespeel het. Die benadering is dieselfde as in deel 1 met 'n soortgelyke titel toe mense op die gebied van opvoeding, medisyne, teater, sport ensomeer bekend gestel is. Ook in deel 2 se geval is die boek meer vir die jonger en minder ervare volwasse leser bedoel.

Die boek bevat enkele foto's, digwerk en 'n kaartjie; alles heel bolangs. Maar goed, dit gaan nie in die eerste plek dáárom nie.

Die samesteller, R.M. de Villiers, was 40 jaar lank betrokke by en redakteur van verskillende Engelstalige koerante. Tans is hy as afgetrede persoon Parktown (Johannesburg) se Volksraadslid (Progressiewe Party). Hy is uitgesproke ten opsigte van die, volgens hom, buitengewone en byna oorheersende bydrae wat Engelstaliges tot die breë heil van Suid-Afrika gelewer het, maar het nie self 'n artikel gelewer nie, slegs die voorrede.

By wyse van inleiding skryf sir Robert Birley oor die sogenaamde Britse Liberale Tradisie. Birley was jare aan Britse opvoedingsinstellings verbonde en het ook Suid-Afrika meermale besoek. Sy verwysing na die honderde Kleurlinge by Bloedrivier (p.6) is gewoon pateties. Sy stellings oor sendingwerk (p.9) is ewe debateerbaar. In sy geheel gesien, pas hierdie hoofstuk nie by die res in nie; dit is ook te betogend. John Marvin, 'n afgetrede joernalis-ekonoom, het oor Harry Oppenheimer geskryf; as figuur op mynbou-finansiële terrein. Dit is miskien minder gewens om oor iemand te skryf wat nie net nog in ons midde is nie, maar steeds uiters aktief aan die nywerheidslewe deelneem. Daarby is Harry Oppenheimer ten volle deel van die Joodse gemeenskap in Suid-Afrika; al sou hy Engelssprekend wees. Louis Hotz het as koerantman oor T.W. Mackenzie geskryf; as verteenwoordiger van 'n Engelstalige wat op persterrein, veral dan by *The Friend* van Bloemfontein, sterk opgetree het. Kahn as regsprofessor het James Rose Innes se regsbydrae as voormalige hoofregter van die Unie van Suid-Afrika beskryf. As gesoute koerantman het A.P. Cartwright dr. A.J. Orenstein, van Joods-Duitse oorsprong, se bydrae op mediese gebied oor vyftig jaar nagegaan. Leo Marquard se artikel oor dr. T.B. Davie se rol op universiteitsvlak is veral ook insiggewend ten opsigte van die historiese agtergronde van ons hele universiteitswese.

Dr. Greig het as vrou self op argiteksterrein gepresteer en skryf besonder interessant oor Rex Martienssen se bydrae op dieselfde gebied; Martienssen dan as iemand van Skandinawies-Engelse afkoms. Ten slotte het prof. Guy Butler oor die digter Roy Campbell geskryf, en eerwaarde Michael Nuttall oor Raymond Raynes, die Anglikaanse monnik en priester van die Kerk van Engeland.

Al die skrywers slaag uitmuntend daarin om feite en ander gegewens interessant en soepel aan te bied. Geskiednavorsers kan gerus meer dikwels sulke werke lees. Ons as historici is soms so begaan oor slegs eksakte mededelings en die korrekte (is daar eenstemmigheid?) tegniese versorging, wat natuurlik alles baie belangrik is, dat die aanvaarding van ons geskrifte buite die klein kring van vaklui ons nie meer raak nie. Na jare hiervan moet ons dan daarmee vir lief neem dat die vak sal kwyn.

Vanselfsprekend is *Better Than They Knew* nie in elke opsig aanvaarbaar nie. Dit is 'n vraag of die betrokke karakters die beste keuse was en of ander name nie sterker op insluiting kan aanspraak maak nie. Die boek is duidelik vanuit 'n sekere hoek en met die oog op 'n bepaalde uitwerking benader. Dit bevat egter inligting, sal die breër publiek bevredig en is nuttig in sy oorsigtelikheid. Indien deel 3 verskyn, soos wat beoog word, sal dit 'n verdere bydrae op hierdie vlak kan beteken.

*MARIUS J. SWART*
*Universiteit van Port Elizabeth*

OTTO VON WEBER: *Geschichte des Schutzgebietes Deutsch-Südwest-Afrika*. Uitgegee deur die skrywer en gedruk deur John Meinert, Windhoek, SWA, 1974, 244 pp.

Sedert 1946 het SWA internasionaal omstrede geword. Sy toekoms is op die spel. Heelwat boeke in Engels het oor hom verskyn soos o.a. dié van Bruwér en Rhoodie. Die boek

van Von Weber is 'n belangrike aanvulling tot die Suidwes-literatuur in Duits. Dit gaan terug tot die aanleg van die Duitse kolonie in 1884 (en wat dit voorafgegaan het, soos die koms van Duitse sendelinge) en eindig by die verowering daarvan deur Unietroepe o.l.v. genl. Botha in 1915.

Dr. Von Weber behandel die rol van Lüderitz Büttner, Göring (die vader van Hermann Göring uit die tyd van Hitler), Von François en Leutwein. Die instellings soos regswese, regeringsvorm, skoolwese, sending en die ontwikkeling van boerdery kry aandag. Ook word na die Herero- en Hottentotopstande verwys en die heropbou daarna op die gebied van minerale en metaalontginning, waterontsluiting en spoorwegontwikkeling. Dit bevat verwysings wat ook literatuur insluit.

Dit is 'n leesbare, oorsigtelike boek wat 'n wye spektrum van feite dek. Dit vul 'n leemte in die Duitse literatuur oor SWA noudat Oskar Hintrager se "Südwestafrika in der deutschen Zeit" uit druk is. Dit berus op sekondêre bronne en maak nie aanspraak op nuwe kennis nie, maar gee 'n oorsigtelike beeld van die geskiedenis van die voormalige Duitse protektoraat. Heelwat foto's aan die einde van die boek laat ons iets van die land en sy inwoners sien.

*F.A. VAN JAARSVELD*
*Universiteit van Pretoria*

J.A. BROWN: *Eagles Strike, the Campaigns of the South African Air Force in Egypt, Cyrenaica, Libya, Tunisia, Tripolitania and Madagascar 1941—1943* (S.A. Forces World War II, Vol. IV). Purnell, Cape Town, Johannesburg, London, 1974, x, 448 pp, illus., R9,50.

The essentials of a good history are that it be accurate, interesting and well-written. The reader must be convinced that the author knows his subject and is well-qualified to write about the matters with which he deals. James Ambrose Brown's *Eagles Strike* is interesting, for the magnificent subject matter of the story of the South African Air Force's campaigns in Egypt, Cyrenaica, Libya, Tunisia, Tripolitania and Madagascar from 1941 to 1943 cannot be otherwise. The essentials are not maintained, however, for as the elementary errors of his previous volume, *A Gathering of Eagles* revealed, the author has a most imperfect knowledge of air forces and aviation. A photo therein purporting to be of an "all-wood, prototype model" Hurricane, and the crediting of 15.1/3 aircraft destroyed in combat in East Africa by Captain J.E. Frost were two howlers which virtually destroyed his credibility as an air historian, and prepared one for similar mistakes in this volume.

The book is marred, literally from the outset, as the caption to the frontispiece contains a spelling mistake and there are eight in the first twenty pages. Throughout there is a proliferation of elementary errors of fact, grammar and spelling and a most tedious style which at times almost degenerates into journalistic notation. Hurricanes are described as possessing W/T (wireless telegraphy) instead of R/T (radio telephony), and the statement that "...tanks and aircraft would be kept in contact by w/t up to 100 miles" is quite wrongly referenced to page 16 of *Per Noctem Per Diem* when that history very clearly states "We demonstrated this the very next day by R.T. contact with one of his tanks 100 miles away."

Several pilots' names and initials are given wrongly, and three different versions of one name are given without explanation. A reference is made to "No. 451 (SAAF) Squadron", but there was no such squadron, No. 451 being a Royal Australian Air Force Squadron. "A/Sgt Green (RAF)" is mentioned, but there was no rank of Air Sergeant in the Royal Air Force. Worse still, Flight Officers (who were female Women's Auxiliary Air Force officers) are described as having shot down German aircraft, when presumably Flying Officers of the RAF are intended. These, and many other basic errors, give the reader little faith in the accuracy of the history, and the style is at times deplorable. A great number of sentences include three dots (normally inserted to indicate that part of a quoted sentence has been omitted) which appear to be used instead of commas, and make for jerky, disjointed reading.

The facts that Lord Tedder taught the correct use of air power, and that the army and air force were separate entities with the same objective, (to destroy the enemy), are clearly brought out. However the claim in the author's preface that his pages reveal "...perhaps for the first time the use of aircraft in conjunction with ground operations" is not justified. Many previous books, particularly *2nd Tactical Air Force* by C.F. Shores, have revealed this in a much clearer and better-informed fashion than this book.

The shuttle bombing operations of 12 and 24 Squadrons are given due credit, and pertinent information from General H.J. Martin and Brigadier J.T. Durrant is quoted. There is a complete lack of examination however of the difficulty of inculcating high morale into a force which came from a Union deeply divided amongst itself. That the SAAF accomplished as much as it did is surprising when one considers the divided background from which many of the combatants came. These men were by no means heroes to many at home who considered that they should have been fighting on the other side or not at all. The reluctance to serve outside Africa is mentioned by the author, but criticism of morale is not discussed in the context of the background from which the airmen came, but is confined to a somewhat shallow opinion expressed in a single sentence.

The inaccuracies persist even to the appendices, where No. 74 SquaDRON RAF is described as a 'Recce' squadron in No. 285 Wing at Neffatia South in March 1943. I was serving with this squadron at that time and it was some 3 000 miles away and was a fighter squadron not a reconnaissance squadron. It is presumed that No. 73 Squadron RAF was intended.

Even the four photographs of fighter pilots are wrongly captioned, Frost being indicated as Le Mesurier, Human as Frost, Metelerkamp as Human and Le Mesurier as Metelerkamp. It would be difficult to be more confused, and this is typical of the general carelessness which is apparent throughout the book.

Perhaps it is unfair to criticise Mr. Brown's lack of military aviation knowledge as he was an army sergeant, but the general very careless presentation is inexcusable. The magnificence of the subject, and the need for a definitive history of the SAAF during those stirring years, cause regret that an aviation historian, who could have been a more accomplished chronicler, was not found to tell this great story in a more fitting and accurate manner.

*D.P. TIDY*
*S.A. National Museum of Military History, Johannesburg*

MICHAEL LLEWELLYN SMITH: *Ionian Vision, Greece in Asia Minor 1919—1922.* Allen Lane, London, 1973, 401 pp. £6.00.

Die geskiedenis van Griekeland het deur die eeue heen keer op keer in die teken van een krisis na die ander gestaan — krisisse wat meesal uit eie geledere ontstaan het uit 'n aangebore liefde vir partypolitiek. Sedert die antieke Griekse tydvak was hierin altyd 'n stukkie tragiek opgesluit, want telkens wanneer Griekeland deur 'n leier van groot formaat tot bereiking van ideale gevoer is, het een of ander inherente faktor of onverwagte omstandigheid alles laat verkrummel. *Ionian Vision* is 'n boek wat hierdie tipiese faset van die Griekse samelewing op uitmuntende wyse illustreer aan die hand van die gebeure net na die Eerste Wêreldoorlog. Soos in die dae van Alkibiades het hierdie tyd 'n ewe groot leier in die persoon van Eleftherios Venizelos opgelewer en is hy ook die hoofspeler in hierdie stukkie drama uit die Griekse geskiedenis waarin Griekeland, soos telkens in die verlede, 'n visioen van 'n groot en magtige ryk gehad het, goed gevorder het op weg daarheen, maar dan wreed ontnugter is wanneer sy ideale skeef loop.

Die Griekse beskawing van die antieke en Bisantynse tydperk het 'n sterk invloed op Klein-Asië gelaat en gedurende die negentiende eeu het die ideaal weer opgevlam om die hele gebied waarin Konstantinopel en die Ioniese kus die belangrikste was, by Griekeland in te lyf. Hierdie gebiede was natuurlik onder Turkse beheer en so het nog een van die talle botsings tussen die Grieke en Turke opgevlam. Venizelos se Ioniese Visioen het egter nooit tot stand gekom nie. Smith teken die gebeure helder met baie dokumentêre materiaal en toon goed aan hoe Venizelos se droom vernietig is toe die Griekse volk self teen hom gedraai het op die tydstip toe die visioen besig was om 'n moontlikheid te word. In hierdie stryd om Klein-Asië het die innerlike stryd tussen die Griekse lojaliteit aan hul koningshuis enersyds en parlement andersyds die kern gevorm van hul onvermoë om hul ryk uit te brei. Tegelyk het die Turkse nasionalisme onder Kemal Pasha gebloei en was die weerstand teen die Grieke sterk.

Smith begin sy boek met die opleef van die ideaal van 'n omvattende ryk gedurende die laaste deel van die negentiende eeu, die Griekse invloed en belange in Klein-Asië en konsessies wat na die Eerste Wêreldoorlog aan Griekeland in Klein-Asië gemaak is waardeur die Griekse ryk, wat reeds al in die Balkanoorlog van 1912—13 dele van Macedonië sowel as Epirus en Kreta bekom het, meer as verdubbel is. In die loop van die Eerste Wêreldoorlog het Venizelos se regime, wat aanvanklik groot byval by die Grieke gevind het, al meer die wind van voor

gekry en tydens die lang en moeisame onderhandelings van die Paryse vredeskonferensie het Venizelos baie aansien by sy eie mense verloor. Smith toon ook duidelik aan dat leidende figure in hierdie vredeskonferensie nie juis veel insig in hul taak gehad het nie en dat die geskarrel Venizelos se ideale skade aangedoen het. Dit was 'n situasie wat die Grieke nie kon verhelp nie, maar ongelukkig ook nie kon verwerk nie.

Vervolgens teken Smith die politieke neerlaag van Venizelos teen die einde van 1920 nadat Griekeland daarin geslaag het om Smirna aan die Ioniese kus te oorwin. Hierdie oorwinning het geblyk geen voordeel in te hou nie weens talle administratiewe faktore. Turkye het nie gaan lê nie en die aanhoudende veldslae was nie bevorderlik vir die Griekse prestige nie. Smith toon ook kortliks aan hoe die voortgesette stryd in Klein-Asië saamgeval het met die stryd op die tuisfront tussen die koning en die parlement en dat die skielike dood van die koning, gevolg deur Venizelos se neerlaag, Griekeland sonder sterk leiding gelaat het op die hoogtepunt van sy uitbreidingsbewegings. Hierdie besondere sameloop van omstandighede word miskien nie voldoende beklemtoon nie. Smith hou hom streng by die historiese verloop, maar die leser voel tog gedurig aan dat iets van die impak van die gebeure daarmee verlore gaan. Die boek is 'n uitvloeisel van Smith se proefskrif aan die Universiteit van Oxford oor dieselfde onderwerp en hoewel hy in die voorwoord sê dat die boek meer vertellend is as die proefskrif, voel die leser gedurig die swaar akademiese styl van 'n proefskrif aan. Dit maak die lees miskien meer inspannend, maar aan die anderkant verhoog dit die presiesheid waarmee Smith die materiaal onpartydig aanbied. Dit is immers ook een van die groot verdienstes van die boek.

Die laaste gedeelte van die boek beskryf die Griekse voortgesette stryd in Klein-Asië wat nie meer 'n pad van glorie was nie, maar waarin die Grieke uiteindelik teruggedryf is en die eens so geroemde ideaal van 'n groot Griekse ryk in die niet verdwyn het, met slegs 'n verarmde en vernederde Griekeland as enigste oorblyfsel van die Ioniese Visioen.

Behalwe die historiese gegewens t.o.v. Griekeland, bied die boek ook 'n kykie in die Britse buitelandse politiek gedurende hierdie tyd aangesien Brittanje deur al die gebeure heen 'n belangrike rol agter die skerms gespeel het. Verder is dit 'n nodige bydrae tot ons kennis van 'n stuk geskiedenis wat verreikende implikasies gehad het, maar nie prominent in die historiese annales opgeteken staan nie.

*J.P. LOUW*
*Universiteit van Pretoria*

E.P. HENNOCK: *Fit and Proper Persons, Ideal and Reality in Nineteenth Century Urban Government*. London, 1973, xix, 395 pp. indeks, bylae.

Een van die minder bekende vertakkings van kontemporêre geskiedskrywing is die sg. stedelike geskiedenis. Tewens dit is eers in die na-oorlogse fase dat historici soos Constantinos A. Doxiadis, Asa Briggs en Arnold Toynbee stedelike geskiedskrywing tot sy reg laat kom het. In Brittanje het hierdie geskiedskrywing eintlik eers sedert die verskyning van die epogmakende versamelwerk getitel *The Study of Urban History* (red. H.J. Dyos) sy merk begin maak. Genoemde werk, waarvan die eerste in die reeks in 1968 die lig gesien het, was dan ook die wegbereider van 'n gesamentlike poging om 'n reeks oor die stedelike opset te laat verskyn. Die boek van Hennock is die tweede aflewering in hierdie reeks.

Uiteraard moet die werk dus as verteenwoordigend van hierdie spesifieke soort geskiedskrywing geëvalueer word. Stedelike geskiedskrywing is by uitnemendheid geskik om die groeiende diversifikasie en gevolglike middelpuntvliedende tendensies in die kontemporêre historiografie teen te werk. Daarby kan hierdie geskiedskrywing in die besonder dien as fokuspunt van 'n vergelykende en interdissiplinêre benadering (Asa Briggs). Feit is egter dat stedelike geskiedskrywing nog basies in sy kinderskoene is en gevolglik is hierdie werk van Hennock ook eksperimenteel in sy tegniek en aanbieding.

Inhoudelik gaan dit in hierdie goedversorgde boek van Hennock om veral die probleem van plaaslike (stedelike) leierskap in die lig van die groeiende eise wat in die 19 eeuse Brittanje aan sodanige leierskap gestel is. Birmingham en Leeds is die twee stede wat aan 'n indringende detailstudie onderwerp word (1835—1914). Hennock raak in sy analise die hele sosiale, ekonomiese en politieke spektrum, met sy onderstrominge van religieuse en groepslojaliteite, aan.

Die aanbieding is soms ietwat tegnies, maar dit is natuurlik onvermydelik in hierdie soort geskiedskrywing om nie te tabuleer en te kwantifiseer nie. Dat Hennock deeglike navorsing

gedoen het en inderdaad 'n bydrae lewer, val nie oor te redeneer nie. Die werk is boonop wesentlik ter sake, nie alleen vir die historikus nie, maar vir almal wat met stedelike bestuur te make het. Dit gaan in genoemde werk om die dualisme tussen effektiewe en progressiewe vernuwing en aanpassing, met die gepaardgaande gevaar van 'n oorbesteding enersyds en andersyds 'n begeerte om eerder te bespaar en so die steun van die belastingbetaler te behou, maar gevaar te loop om wanbestuur te bevorder. Hierdie probleem is inderdaad ook 'n eietydse dilemma.

Die hervormings in Birmingham onder veral die dinamiese Chamberlain het nie alleen 'n plaaslike invloed gehad nie, maar het spoedig as "ideaal tipiese" voorbeeld gedien vir ander stede. Die probleme wat gedraai het om die snel groeiende stede, probleme soos krotbuurte, sanitêre fasiliteite, beligting, kragvoorsiening en veral onderwysprobleme, was per slot van rekening universeel. Dit maak die boek inderdaad aktueel. Hennock gaan nie alleen interdissiplinêr te werk nie, maar ook vergelykend, om so die werk los te ruk uit 'n beperkte milieu. In die derde afdeling word die verkreë insigte teen die breër agtergrond van stedelike bestuur in veral die V.S.A. en Duitsland geprojekteer. Hy gaan selfs verder deur die feitelike situasie met die ideële, sover dit die tipe raadslid betref, te kontrasteer.

Die werk is opgeluister met 'n aantal grafieke, landkaarte, tabelle, spotprente en foto's. Daarby is daar 'n saaklike verwysing na sy metode en bronne.

Inderdaad is hierdie boek 'n stewige bydrae tot die uitbouing van geskiedskrywing in die algemeen en stedelike geskiedenis in die besonder.

*M. TRÜMPELMAN*
*Universiteit van Port Elizabeth*

C.W. CHALKLIN: *The Provincial Towns of Georgian England, A Study of the Building Process 1740—1820* (Studies in Urban History, III). Edward Arnold, London, 1974, xxiii, 367 pp., foto's, tabelle, sketse, bylaes, bronnelys, indeks, R19,90.

Stedelike geskiedenis is 'n nuwe veld en ook nog grootliks 'n onontginde terrein, alhoewel dit al 'n tyd lank in verskeie lande beoefen word. Werke wat egter tot onlangs op die gebied verskyn het, was meesal van pioniersaard en het, op uitsonderings na, gebreke besit wat eie is daaraan. In die afgelope paar jaar het eers prof. F.A. van Jaarsveld met 'n werkie getitel *Stedelike Geskiedenis as navorsingsveld vir die Suid-Afrikaanse historikus* dié braak terrein onder die aandag van Suid-Afrikaanse geskiedskrywers gebring. Dit is opgevolg deur 'n artikel deur J.J. Fourie, "Stedelike Geskiedenis: 'n Histories-metodologiese ondersoek". Al twee studies staan in verband met die Randse Afrikaanse Universiteit se navorsingsprojek oor "Die Geskiedenis van die Afrikaner aan die Rand". In genoemde twee werke is nie net na oorsese pogings op die gebied van stedelike geskiedskrywing gewys nie, maar is gewag gemaak van die probleme verbonde aan dié afdeling van die vak.

Dit blyk byvoorbeeld 'n probleem te wees wát presies onder die term "stedelike geskiedenis" verstaan word, wat nou juis daaronder val of nié val nie, wat daarmee beoog word en gedoen móét word. Ook die soort bronne wat in die betrokke studieterrein nagevors moet word, blyk 'n probleem te wees aangesien dit 'n terrein is wat nie uit die gewone bronne tot sy reg kan kom nie. Verder ontstaan die vraag of die navorsingsresultaat 'n biografie van 'n enkele stad moet wees, die geskiedenis van die stad en sy voorstede en of dit in samehang met of los van die nasionale geskiedenis beskryf moet word.

Baie van dié probleme kan toegeskryf word aan die feit dat onderrig in stedelike geskiedenis en die besondere metodologie van die betrokke navorsingsaktiwiteit tot onlangs toe selfs by die meeste oorsese universiteite ontbreek het. Hierin het daar geleidelik verandering gekom, want stedelike geskiedenis het by baie vakmanne deesdae 'n spesialiseringsveld geword. Selfs hier te lande slaan dit ook deur, want die Randse Afrikaanse Universiteit spog daarmee dat 'n kursus in stedelike geskiedenis aangebied word.

In Brittanje is dit veral prof. H.J. Dyos van die University of Leicester wat die toonaangewende historikus op die gebied van stedelike geskiedenis is. In 1968 het sy werk *The Study of Urban History* dié vertakking van die wetenskap op stewige voet geplaas. Hierna is onder sy redakteurskap 'n afsonderlike publikasiereeks beplan, naamlik *Studies in Urban History,* iets soortgelyks aan ons Argiefjaarboekreeks. Besondere studiestukke oor aspekte van die stedelike geskiedenis word hierin opgeneem, elk onder sy eie baadjie, maar almal eenvormig in formaat sodat dit tog 'n eenheid vorm.

Die derde nommer in die reeks bevat C.W. Chalklin se *The Provincial Towns of Georgian England*. In die voorwoord tot hierdie werk skryf prof. Dyos dat Chalklin se werk as 'n belangrike bydrae op die terrein van die stedelike geskiedenis gereken kan word. Dit is die eerste ernstige poging om die bouprogram van 'n aantal Britse stede van anderhalfeeu gelede nougeset na te vors, en dit is met welslae binne 'n stewige akademiese raamwerk aangebied. Hiervoor het Chalklin, 'n Nieu-Seelander van herkoms, intensiewe navorsing op 'n verskeidenheid plekke en in byna ongewone bronne gedoen.

In die eerste plek is 'n vyftiental plattelandse stede as voorwerp geneem. Dit was die stede wat ten nouste verbonde was by die groeiproses wat op die Industriële Revolusie gevolg het. Behuisingsprobleme was 'n faktor waarmee die plaaslike owerhede te doen gekry het, maar terselfdertyd het dit 'n goeie geleentheid aan bou-aannemers, spekulante en eiendomsontwikkelaars gebied. Dit is die rol wat die mense in die stedelike ontwikkeling gespeel het wat Chalklin meesterlik uitbeeld. Dieselfde geld ten opsigte van die geldvoorskieters, vakmanne en andere. Hulle speel almal mee in die skommelings wat boupryse ondergaan en beleggingsmoontlikhede beïnvloed het. Gevolglik word hierdie werk 'n werklike interessante beskrywing van dié mense, wat nooit andersins op die voorgrond getree het nie en tog gehelp het om aan die fisiese voorkoms van die stede 'n bepaalde vorm te gee.

In sy geheel gesien, sal 'n Suid-Afrikaanse historikus nie soseer in die feite van Chalklin se werk belang stel nie as in die opset van die taak, die wyse waarop te werk gegaan is, die soort bronne wat geraadpleeg is en die vorm waarin die navorsingsresultate aangebied is. Juis hierin lê die waarde van Chalklin se boek. Die werk is ryklik voorsien van bevolkings- en behuisingsdiagramme, diagramme van prysskommelings, winste en dies meer. Daar is volop sketse en kaarte van die betrokke stede om die betrokke ontwikkelings aan te toon, foto's van die verskeidenheid huise wat opgerig is en wat tot vandag toe die kenmerk van die Britse nywerheidstede is. Van besondere hulp behoort die bykomstige gegewens by die verskillende soorte bronne in die bronnelys te wees. Met behulp hiervan behoort belangstellendes op dié terrein goed op dreef te kom.

*J.L. HATTINGH*
*Universiteit van Port Elizabeth*

ANNATJIE BOSHOFF: *Sekretaresse vir die Verwoerds: Dankbare Herinneringe*. Human en Rousseau, Kaapstad, 1974, 260 pp., R7,50.

Hierdie boek is die jongste toevoeging tot die steeds groeiende literatuur rondom die persoon van wyle dr. H.F. Verwoerd. Die skryfster, Annatjie Boshoff, was die privaatsekretaresse van mevrou Verwoerd. Sy was egter nie net 'n gewone privaatsekretaresse nie. Die Verwoerds het haar in so 'n mate in hulle familiekring opgeneem dat sy soos 'n kind in die huis was. Sy was dus in 'n posisie om die Verwoerds se huislike lewe te leer ken op 'n wyse wat aan min ander persone gegun was.

Die skryfster se bewondering vir "Doktor" ken geen perke nie. Een van haar ontboeseminge lui as volg: "Dr. H.F. Verwoerd — my held van lankal af. Hy het vir my die simbool geword van grootheid en krag, van versiendheid en diplomasie, en ek het die grootste bewondering vir sy helder brein gehad. Sy grootheid het egter nog groter geword na die binneste kring — sy nederigheid, liefde, hardwerkendheid, die inspirasie wat van hom uitgegaan het, sy besondere vriendelikheid en minsaamheid ...'" Hoewel iedereen moet toegee dat Verwoerd inderdaad 'n merkwaardige persoonlikheid was, doen hierdie soort bewieroking soms hinderlik aan. Die skryfster is trouens geneig om selfs die mees alledaagse, normale en vanselfsprekende handeling van Verwoerd aan die leser voor te hou as 'n voorbeeld van hoe 'n besondere mens hy was.

Die boek bevat egter talle interessante mededelings oor Verwoerd die mens — sy karaktertrekke, sy gewoontes, sy smake, sy eienaardighede. Een van sy karaktertrekke was byvoorbeeld sy beheptheid met detail. So is selfs die tafelplanne vir die dinees in Groote Schuur en Libertas deur hom persoonlik hanteer. In sy eie handskrif het hy aangetoon wie langs wie moet sit. Dat 'n eerste minister hom met sulke beuselagtighede besig hou, klink amper ongelooflik. Nog 'n eienskap van Verwoerd was sy hardwerkendheid. Hy was blykbaar 'n man wat na 'n vol dag op kantoor nog tot diep in die nag kon werk. En wanneer hy met groot konsentrasie gewerk het, so vertel die skryfster ons, het hy gewoonlik die punt van sy sakdoek tussen sy tande vasgebyt.

Ons kry ook kykies in die Verwoerds se binnekring tydens belangrike gebeurtenisse soos republiekwording, die besoek van die Macmillans, die uittrede uit die Britse Statebond, en so meer.

Naas "Doktor" maak ons ook kennis met "Mevrou" — die minsame mevrou Verwoerd wat haar man op alle terreine onderskraag het.

Die boek bevat ook 'n groot aantal afbeeldings van die Verwoerds, van briewe in sowel "Doktor" as "Mevrou" se handskrif, van die verskillende huise waarin hulle gewoon het, en van allerlei voorwerpe soos uitnodigingskaartjies, spyskaarte en meubels.

In sy geheel is dit 'n lesenswaardige boek waarin die alledaagse lief en leed van die Verwoerds uitgebeeld word.

*B.J. LIEBENBERG*
*Universiteit van Suid-Afrika*

F.R. BURNHAM: *Scouting on Two Continents.* Rhodesiana Reprint Library, Silver Series No. 4. Bulawayo, 1975, 370 pp. R13,80 (less 33.1/3% to Book Club Members).

*Scouting on Two Continents* is the autobiography of F.R. Burnham, a colourful and controversial personality who featured prominently in the Matabele War (1893), the Matabele Rebellion (1896) and in the Anglo-Boer War, during which he served as Chief of Scouts under Lord Roberts. This volume is a facsimile reproduction of the 1927 edition, and includes an outstanding new Foreword by Mr. Peter Emmerson of the National Archives of Rhodesia, together with a newly-compiled Index.

The author was born on an Indian reservation in Minnesota, U.S.A., in 1860. His incident-filled formative years were spent in the rugged environment of the American backwoods and, later, in rural California, Arizona and Mexico. A tough, enterprising and independent boy, he had, by the time he reached his maturity, become well versed in the art of survival and in the lore of scouting. He sailed for South Africa in 1893, crossed the Limpopo River and joined in the war which Cecil Rhodes's settlers were waging against the Ndebele nation of King Lobengula. At the outbreak of the Matabele Rebellion three years later (in the interim he had become friendly with Rhodes and had witnessed the Jameson Raid) he scouted for the Bulawayo Field Force and took part in a number of dramatic incidents, including the controversial M'limo affair. During the Anglo-Boer War he served under Lord Roberts, took part in the battle of Paardeberg and Modder River in the Orange Free State, as well as in other notable clashes with the Boer forces. He was captured at Sanna's Post by General C.R. de Wet, to whom he refers as "the wiliest of the Boer generals". Afterwards he escaped and rejoined the British forces. Later on, he settled for a time near the present Lake Malawi, and then returned to the United States, where he achieved a degree of fame as a prospector and founder of an oil empire, and with his involvement in the American arm of the Boy Scout Movement.

It is significant that Burnham was one of only three men to have escaped the massacre at Shangani — the others were Gooding and Ingram. He resolutely claimed from the first that Wilson had instructed his return to camp. Serious doubts, however, were cast on his claim by Gooding who, according to the lawyer J.C. Coghlan, confessed on his death-bed in 1935 that "he, Burnham and Ingram were not sent back by Wilson at Shangani but they cleared off at their own accord".

A second major argument revolves around Burnham's boast that he had shot the M'limo (the Kalangan deity, personified in one Chief Mkwati and a powerful emotional influence on the Matabele rebels). By this action, Burnham said, he had "done Rhodesians a stupendous service by exploding the myth of the cave and destroying the M'limo's power". Some contemporaries saw the alleged incident in terms of cold-blooded murder. Others entirely disbelieved the claim, describing it as "penny-dreadful junk" and "the most grotesque lie".

Students of and historians concerned with the Anglo-Boer War will find Burnham's accounts of some of the important battles of that war very enlightening. For instance, he relates (p.285 *et. seq.*) how he floated down the Modder river with his head in an empty packing case to spy on the Boer laager of General Cronjé at Paardeberg. He is also full of

praise for the "practical" tactics of the Boers on the battlefield. And he refers in no uncertain terms to "the blundering carelessness" of the British.

Of course, Burnham lacks thorough historical schooling, he seldom sees events in true perspective and he is sometimes prone to exaggeration and self-promotion. But whether or not *Scouting on Two Continents* is good history, it is certainly an exciting story. The whole narrative is full of interest, and will appeal to the general reader more than some of the more "academic" versions of the South African wars of the 19th century. This is history not only without tears, but with many a chuckle.

*A.P.J. VAN RENSBURG*
*University of Pretoria*

E.F. SANDEMAN: *Eight Months in an Ox-Wagon*. Africana Reprint Library No. 1. Johannesburg, 1975, 402 pp. R9,45 (less 33.1/3% to Book Club Members).

This work, subtitled "Reminiscences of Boer Life", was originally published in 1880 and covers, in informative and readable style, the author's travels around South Africa and his impressions of the Afrikaner people. It is now issued as the first of a series of 24 facsimile reproductions of scarce early southern African works. The 24 matching volumes, issued in both a standard hard-backed and a fully leatherbound deluxe edition, numbered and limited to 100 copies, will appear at two-monthly intervals. Subsequent numbers will include Thomas J. Lucas's *Camp Life and Sport in South Africa* (1878); W.B. Lord and Thomas Baines's *Shifts and Expedients of Camp Life, Travel and Exploration* (1876), and Emil Holub's *Seven Years in South Africa* (1881).

Sandeman arrived in Cape Town in 1878 (the first few chapters are devoted to the Cape) and started the actual expedition from Pietermaritzburg. In addition to his observations on the Boer communities of the Orange Free State and the Transvaal, he gives an excellent description of the goldfields in the Spitzkop and Lydenburg areas, of Bantu life-styles and touches on the campaign with Sekukuni. New material incorporated into the reprint edition includes an interpretive Foreword by Dr B.J.T. Leverton of the Natal Government Archives Depot in Pietermaritzburg, and a wealth of illustrations.

The author's eight months in an ox-wagon was a journey full of incident and, indeed, the prototype of many other similar journeys which were undertaken by strangers to South Africa in the 19th century. Yet, for the present-day reader so accustomed to "fill up and go", his story must surely be something of an eye-opener. Sandeman and his friends, among whom he counted the Boers (and this may be the real reason why his presence in South Africa was almost totally ignored by his British contemporaries), enjoyed the evening fireside conversations. But to him the greatest pleasure of all was the hunt, and the author devotes a great deal to this aspect of his sojourn in the Boer communities.

Today's conservationists will read, with sadness, Sandeman's vivid accounts of the plentifulness of game in the highveld areas. In Eastern Transvaal, he relates, there were countless herds of wild animals, so numerous that wagons were sometimes obliged to wait as long as half an hour for them to pass along. In the Orange Free State Republic he came across large herds of springbok, and he takes delight in recording his first brush with that species.

In summing up one can say that Edward Sandeman's account of his travels in South Africa gives a sympathetic picture of the problems of the country in the late 1870s and of the Boers themselves. His last view of Table Mountain tugged at his heartstrings — he was seeing the last of the land "which I shall ever remember with affection".

It is a thoroughly good and interesting book, fitted to be classed with the well-known works of Andersson, Chapman, Steedman, Selous and many other mighty hunters and explorers. Sandeman's contribution to the records of famous explorers who have responded to the call of Africa, is not only a valuable addition to any library but also makes fascinating reading. His keen eye for detail provides much of interest to the historian, the botanist, anthropologist and naturalist and to any reader of Africana. It is, to my mind, a perfect mine of information as regards the South African veldt of a century ago.

*A.P.J. VAN RENSBURG*
*University of Pretoria*

O. GEYSER en A.H. MARAIS (reds.): *Die Nasionale Party* I: *Agtergrond, Stigting en Konsolidasie.* Uitgegee vir die Instituut vir Eietydse Geskiedenis, UOVS, deur Academica, Pretoria en Kaapstad, 1975, 618 pp., R17,50.

Hierdie geskiedenis van die Nasionale Party strek vanaf sy stigting in 1914 tot 1924, die jaar waarin hy onder leiding van genl. J.B.M. Hertzog met behulp van die Arbeidersparty aan die bewind gekom het. Dit is geskryf deur ses medewerkers, nl. prof. J.J. Oberholzer, A.H. Marais, F.J. van Heerden, D.J.J. Coetzee, J.H. le Roux en mev. C. Marais, onder die redaksie van die direkteur van die Instituut vir Eietydse Geskiedenis, prof. O. Geyser en dr. A.H. Marais. Die skrywers is almal verbonde aan die Departement Geskiedenis of die Instituut van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat.

Prof. Oberholzer begin met 'n inleidende hoofstuk oor die oorsprong van Afrikanernasionalisme, en sy verhelderende bydrae wat die agtergrond uit die 19e eeu verskaf, word opgevolg deur die politieke beheer wat die Afrikaner ná die Anglo-Boereoorlog in die tydperk voor Uniewording in drie van die Britse kolonies verkry het. Hy behandel ook die eenheid van die Afrikanerdom wat in 1911 in die Zuid-Afrikaanse Party saamgesnoer was, maar wat in 1912 geskeur het met die uitsetting van genl. Hertzog uit die Botharegering. Dr. F.J. van Heerden volg op met die geboorte van die Nasionale Party in die jare 1913—1914. Sy program van beginsels, konstitusie en organisasie word deur prof. Oberholster bespreek en ontleed. Dr. Marais toon dan aan hoe die besluit om die Unie aan die Eerste Wêreldoorlog te laat deelneem en die Rebellie wat daaruit voortgekom het, die Nasionale Party beïnvloed en laat groei het. Die Republikeinse gedagte is deur die Rebellie tot herlewing gebring. Baie van die ondersteuners van genl. Botha en Smuts het na die Nasionale Party oorgegaan. In genl. Hertzog het hulle 'n kultuurleier gesien wat hulle belange behartig en hulle identiteit kan veilig stel. Dr. Van Heerden ontleed die groei van die Nasionale Party en die oorlogsverkiesing van 1915, terwyl D.J.J. Coetzee sy onafhanklikheidstrewe behandel. Dié staan in verband met die Republikeinse gedagte en die idee van afskeiding van die Ryk en gelyke status met Brittanje. Hy verwys ook na die herenigingspogings tussen die SAP en die NP en toon aan waarom hulle misluk het. J.H. le Roux en Marais ontleed dan die algemene verkiesings van 1920 en 1921 waarin die verdere groei van die Nasionale Party aangetoon word. Die 1921-verkiesing veral was van belang, want kort tevore het Smuts, wie se posisie met die SAP verswak het, daarin geslaag om die Unioniste-party met die SAP te laat saamsmelt. Dit het hom sterker laat staan. Die nuwe SAP het 'n plattelands-stedelike karakter verkry. Die NP was oorwegend plattelands. Mev. C. Marais behandel op voortreflike wyse die gebeurtenis wat sou lei tot die terugkeer van genl. Hertzog uit die politieke woestyn, nl. die Staking van 1922 en die toenadering en samewerking tussen die Nasionale Party en die Arbeidersparty. 'n Magsverskuiwing het as gevolg daarvan plaasgevind. Die nuwe politieke verbintenis het in der waarheid beteken 'n samegaan van die plattelandse Afrikaners en stedelike Engelstaliges uit die Arbeidsgeledere. Smuts het die gemeenskaplike vyand vir sowel Afrikanernasionalisme as die anti-kapitalistiese arbeiders geword. Na 1922 het hy een na die ander tussenverkiesing verloor. In 1924 was hy so verontrus oor die dalende meerderheid van sy party dat hy nie tot 1926 wou wag vir die volgende verkiesing nie. Die vervroegde verkiesing is deur hom verloor en genl. Hertzog se Nasionale Party was aan bewind. Dit het een van die keerpunte in die geskiedenis van die Unie beteken. Hierdie gebeurtenis word op bekwame en oortuigende wyse deur mev. C. Marais uitgebeeld.

Die boek is goed beplan. Die manuskrip is deur dr. G.D. Scholtz en proff. A.N. Pelzer en D.W. Krüger voor publikasie gelees. Die gegewens berus o.a. op politieke dokumente wat landswyd deur die Instituut versamel is, soos o.a. taknotules van die NP, private versamelings van politici, argiefmateriaal, herinnerings, koerantmateriaal en ander bronne wat gesamentlik 'n indrukwekkende lys vorm. Die boek is goed gedokumenteer en tegnies goed afgewerk. 'n Register maak dit maklik toeganklik vir naslaandoeleindes.

Dit is die eerste werklike groot boek oor die geskiedenis van 'n politieke party wat 'n belangrike rol in die Suid-Afrikaanse politiek gespeel het. Hierdie is die eerste van vele bande wat ons beloof is. Soos 'n mens van 'n kollektiewe werk kan verwag, is nie alle hoofstukke ewe goed geskryf nie. Die Instituut (voorheen Politieke Argief) het sy waarde en bestaansreg bewys. Met sy loodsing is 'n nuwe dimensie tot ons geskiedskrywing toegevoeg, nl. die eietydse geskiedenis wat veral om die politieke geskiedenis sentreer.

*F.A. VAN JAARSVELD*
*Universiteit van Pretoria*

PIETER W. GROBBELAAR (red.): *Die Afrikaner en sy kultuur*. Tafelberg-uitgewers, Kaapstad, 1974.

*Inleiding:* Die posisie waarin die Afrikanervolk hom vandag binne sowel as buite Suid-Afrika bevind as uitoefenaar van politieke mag en as aangevallene het die vraag na vore gebring wie hy nou eintlik is, waar hy vandaan kom, hoe hy gevorm is en wat sy toekoms sal wees. Buitelandse geleerdes het hierdie vrae reeds probeer beantwoord, soos blyk uit Sheila Patterson se *The Last Trek, A Study of the Boer People and the Afrikaner Nation* (1957), William H. Vatcher se *White Laager: The Rise of Afrikaner Nationalism* (1965) en John Fisher se *The Afrikaners* (1969). Van Afrikanerkant is die vraag ook beantwoord, soos blyk uit C.M. van den Heever en P. de V. Pienaar se *Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner* in drie bande (1945), wat in 1968 in verkorte vorm in een band deur die Nasionale Boekhandel heruitgegee is. Laasgenoemde boek is deur verskillende skrywers saamgestel wat aspekte van die Afrikaner se kultuur behandel. 'n Algemene omvattende boek oor die kultuurgeskiedenis van die Afrikaner vanaf die begin tot vandag ontbreek nog tot op datum. Daaraan bestaan 'n groot behoefte. Dit was waarskynlik om in so 'n behoefte te voorsien dat Tafelberg-uitgewers nou 'n nuwe reeks van tien bande oor die Afrikaner en sy Kultuur onder die redaksie van P.W. Grobbelaar geloods het. Ongelukkig is nie meegedeel welke aspekte in die sewe ontbrekende dele nog behandel sal word nie. Tot dusver het drie bande die lig gesien.

In deel I, *Mens en Land* (R10,95), lees ons dat dit die doel van die reeks is om die Afrikaners as volk "te probeer peil" en tot sy "hart" deur te dring, en dat hy homself deur so 'n studie wil begryp. As onderwerp vir kultuurstudie is die Afrikaner 'n dankbare onderwerp, aldus die voorwoord, omdat sy oorsprong nie in 'n newelagtige verlede lê nie, maar nog byna van gister is. Hierop volg: "Boonop het die Afrikaner 'n besondere berugtheid (maar tog ook 'n besondere soort roem) oor die ganse aarde verwerf. Hy is al die "muishond van die wêreld", maar ook die "hoop van Suider-Afrika" genoem. Waar tussen hierdie uiterstes sou die waarheid lê? Of, beter gestel, waartoe is die Afrikaner die uitnemendste geskik: tot "heldedom of hiënawees?" 'n Mens wonder of hierdie vraag wel tuishoort in 'n kultuurgeskiedenis van die Afrikaner.

In die eerste afdeling skrywe P.W. Grobbelaar oor die verskille tussen kultuur en beskawing en die Afrikaner en sy kultuur vandag. Die stuk is baie teoreties opgestel en werk nie juis verhelderend as algemene inleiding nie. Die begrip "kultuur" bly gekompliseerd. In die tweede afdeling vind ons 'n meer toeganklike stuk van dr. J.A. Heese oor die herkoms van die Afrikanervolk. Daarin word gewys op waar die Blanke immigrante vandaan gekom het gedurende die tydperk 1652—1807 en 1807—1867. Sy genealogiese studie wat Colenbrander korrigeer en aanvul, laat hom tot die gevolgtrekking kom dat die Afrikanervolk aan die begin saamgestel is uit 36,8% Nederlanders, 35% Duitsers, 14,6% Franse, 7,2% Nie-blankes, 2,9% ander en 3,5% onbekend, en nie soos Colenbrander in 1902 beweer het 50% Nederlanders, 27% Duits, 17% Frans en 6% ander nasionaliteite nie. Die Duitse aandeel in die vorming van die Afrikaner is dus veel groter as wat gedink is. Allerlei faktore het egter bepaal dat die taal 'n vorm van Nederlands en die godsdiens Protestants sou wees. Teen 1750 het Afrikaans reeds sy beslag gevind en kleurvooroordeel dateer eers vanaf die einde van die 18e eeu. Dr. Heese is 'n betroubare navorser. Sy afdeling is die waardevolste bydrae tot die boek.

In die derde afdeling behandel prof. F.J. Potgieter Suid-Afrika as kultuurbodem vir die Afrikaner. Dit is nie besonder oortuigend saamgestel nie en vaag. Daar kan verwys word na byvoorbeeld die besettingspatroon op p.131. Die verband tussen omgewing, geskiedenis en kultuur kom nie duidelik uit nie.

Die vierde afdeling is deur prof. G. Cronjé saamgestel en handel oor die sosiale ordening van die Afrikaner. Die landelike en patriargale aard van dié ordening word beskryf en dan oorgegaan tot die Afrikaner se verhuising na die stede en sy aanpassing daar. Die landelike afdeling is goed beskryf, maar die stuk is minder oortuigend wat die Afrikaner in die stad betref. Waar daar bv. gewys word op die Afrikaner se aanvaarding van die stad, verwag 'n mens 'n datum en 'n historiese benadering, aangesien ons hier met kultuurgeskiedenis te doen het.

Die boek in sy geheel hang nie goed saam nie, en die hoofstukke staan te los van mekaar. 'n Mens mis byvoorbeeld 'n afdeling van die aard en karakter van die Afrikaner, soos dit *histories* deur die bodem en klimaat en sy aanraking met ander volksgroepe gevorm is. Dit kom nie sistematies en duidelik uit in die vier afdelings nie. 'n Mens kan ook vra of die byskrifte by die verlugtingsmateriaal werklik illustreer wat daarmee bedoel word.

*Deel II, Spieëlbeeld: Oorlog 1899—1902* (R10,95), saamgestel deur dr. C.J. Scheepers

tot die bekende ekspedisie van Barnes en Trauseld langs die rand van die plato van Mont-aux-Sources na Giant's Castle, o.a. met die doel om die lewensgewoontes van die Lammergier na te gaan.

Na die oprigting van die bergklimmersvereniging is die een piek na die ander beklim. Daar word ingegaan op die storie van die ou Rydal Mount-hotel, die skepping van die Nasionale Park, die moord op die polisie by die Mnweni-rivier in 1956, en 'n uitvoerige bespreking van die verskillende streke: Cathedral-piek, Cathkin en Giant's Castle. Dis jammer dat die ou Bantoename nie behou is nie: hulle was baie sprekender as die name wat nou algemeen gebruik word.

Mnr. Pearse beskik oor 'n wye kennis van die plaaslike geskiedenis, die flora en fauna. Ook word dramas wat hulle in die bergreeks afgespeel het, aan die vergetelheid ontruk. Telkens word verwys na bergklimmers wat in moeilikheid beland het en die pogings wat aangewend is om hulle te red. Die skrywer slaag daarin om hierdie gebeurtenisse boeiend te vertel. Ons kry bowendien grondige raad hoe om ons te beveilig teen plotseling veranderende weersomstandighede.

Van die grootste belang is die bosnavorsingstasie by Cathkin-piek, een uit drie in die wêreld. Die ander twee is in Switserland en die V.S.A, maar die Suid-Afrikaanse is die grootste. Resultate van navorsing oor bome se invloed op omgewing en reënval sal eers aan die begin van die volgende eeu met sekerheid vasgestel kan word. Dis byvoorbeeld opvallend dat dit in vroeër jare blykbaar meer gesneeu, maar nie soos vandag gehael het nie. Vanselfsprekend is ook in hierdie gebied bedreiging deur besoedeling, o.a. as gevolg van verkeerde toerisme, en daar word uitvoerig aangedui hoe om dit te voorkom. Dis van die grootste belang vir die Tugelaskema en die algemene watervoorsiening in die hele land. Gelukkig het die staat hierdie belang besef en is daar verreikende maatreëls en wetgewing aanvaar om die Drakensberge van verdere onnodige vernieling en aftakeling te vrywaar.

Uit historiese oogpunt beskou, is een van die interessantste aspekte van hierdie boek die bespreking van die Langalibalele-veldtog. Hierdie gebeurtenis is stap vir stap nagegaan en daar is onomstootlik bewys dat die Natalse troepe oor die Hlatimba-pas die plato bereik het en nie oor die Giant's Castle-pas nie, en ook wat die oorsaak van hierdie verandering in die plan was. Die skrywer dui aan hoe hierdie militêre onderneming vir die eerste keer die besef in die hele Suid-Afrika laat posvat het dat een se belange almal s'n is. In wese is Suid-Afrika 'n eenheid.

Die boek is 'n baie uitvoerige streekbeskrywing van een van die mooiste maar ook belangrikste dele van ons land — nie net vanweë die geskiedenis nie, maar ook omdat dit 'n sleutelposisie is vir toekomstige landwye watervoorsiening. As sodanig is dit nie net 'n mooi en boeiende studie nie, dit is 'n boek wat deur elkeen wat die toekomstige ontwikkeling van Suid-Afrika as land in sy geheel besef, gelees behoort te word.

*F.G.E. NILANT*
*Universiteit van Pretoria*

J.J. VAN TONDER: *Fotobeeld van 300 Monumente, Standbeelde en Gedenktekens langs die Pad van Suid-Afrika.* Eie uitg., Krugersdorp, 1975, x—150 pp., 311 illus., R2,00.

Hierdie boek is ingedeel in vroue- en mansmonumente, borsbeelde, perd- en ruiterstandbeelde, monumente, woon-, skool- en kerkgeboue, monumente by skole en in verband met die Ossewatrek van 1938, berge, klippe en damme, graftes en baie ander. Van elke monument wat genoem word, word 'n afbeelding gegee met vermelding van wie of wat dit voorstel en waarvoor dit opgerig is, met, in party gevalle, ook die naam van die kunstenaar wat die beeld of monument gemaak het. Die indeling is van so 'n aard dat onderlinge vergelykings moontlik is, soos byvoorbeeld die verskillende beelde van Jan Smuts in Kaapstad en die een in Durban. Van party beelde en monumente het ons al wel gehoor, maar ons weet nie altyd noukeurig waar hulle is nie. Daar word ook nie net aandag gegee aan besondere monumente nie, partymaal is dit sommer net 'n plek waar iets belangriks voorgeval het, of 'n stapel klippe met 'n gedenkplaatjie. Die skrywer het hom ook allermins bepaal by die bekendste monumente. Inteendeel, baie monumente is by skole, waar dit minder toeganklik is vir die gewone publiek, of dit is so plaaslik van aard dat dit glad nie bekend is nie. By party monumente word genoem wie dit onthul het, of wie die hoofspreker was by die inwyding. Dit is gegewens wat geneig is om verlore te gaan.

By die deurblaai van hierdie boek tref dit watter geweldige hoeveelheid navorsing, briefwisseling en tyd dit moet geverg het om dit saam te stel. Baie monumente staan in verband met die Eerste of Tweede Vryheidsoorlog, of slaan op die twee wêreldoorloë en ander gewelddadige gebeurtenisse in ons geskiedenis; andere herdenk die verskillende paaie waarlangs die Voortrekkers gekom het, ontdekkers, die tot stand kom van ons taal, of dit is 'n portret van 'n historiese figuur of 'n vooraanstaande persoon in ons samelewing. Tesame vorm hulle 'n beeld van menslike moed, deursettingsvermoë en kennis. Hulle vorm 'n totaalbeeld van die grootste gebeurtenisse in ons geskiedenis, die ontstaan en groei van ons taal, die verloop van ons kultuurstryd en standvastigheid van ons godsdiens. Dis 'n beeld waarvan nie sonder seker ontroering kennis geneem word nie. Ons vra ons af wat gaan word van die Louis Trichardt-monument in Lourenco Marques.

Die boek is 'n logiese voortsetting van vroeëre publikasies van dr. Van Tonder oor gedenktekens, boommonumente, ruiterstandbeelde en ander. Hierdie boek is 'n sprankelende visuele weerspieëling van ons volkslewe en letterlik 'n beeld van die Pad van Suid-Afrika; tegelykertyd dien dit as aanmoediging dat daardie kultuurgoed nie net bewaar behoort te word nie, maar op verdere uitbouing wag.

Meeste van die meer as 300 foto's is skerp en duidelik. 'n Mens sou van die Van Riebeeck-huis in Culemborg liewer 'n afbeelding gesien het van na die restourasie, waardeur die huis in sy vroeëre eer herstel is.

As beeldende geskiedenis is dit 'n belangrike en baie nuttige boek vir enigeen met belangstelling in ons verlede.

*F.G.E. NILANT*
*Universiteit van Pretoria*

A. PRESTON: *The South African Journal of Sir Garnet Wolseley, 1879—1880*. Kaapstad, A.A. Balkema, 1973, viii—359 pp., R9,50.

Wolseley se optrede in Suid-Afrika moet teen 'n wyer agtergrond gesien word: die verhouding tussen Engeland en Rusland, en sy eie persoonlike ambisie om die opperbevel in Indië. Wolseley was 'n professionele soldaat, met 'n sluwe nuk om elke bevel in sy eie voordeel te vertolk en 'n neiging om elke probleem drasties op militêre wyse te wil oplos. Sy optrede was te aggressief om die volle vertroue van sy meerderes te verkry en te behou. Selfs die Britse koningin was soms blykbaar geskok oor sy hantering van sake. Suid-Afrika het vir Wolseley slegs 'n geleentheid gebied om met vinnige resultate persoonlike voordele op te bou. Hy was so kortsigtig dat hy sy eie belange altyd bo die van die Britse ryk gestel het en nie oor voldoende insig beskik het om 'n paslike ewewig tussen die twee te vind nie, bv. sy degradering van Chelmsford en sy ondermyning van Bartle Frere.

Oor veel van die gebeurtenisse in Natal van 1879—1880 het tot nou toe nog 'n sluiter gelê. Hierdie dagboek, wat deur dr. Preston toevallig in die Record Office in Londen gevind is, werp 'n baie skerp lig op juis hierdie periode.

Ook Wolseley as persoon staan duidelik uit. Volgens hom moet die werklik lojale persoon nie sy deskundige mening verberg nie, al sou dit onaangenaam vir sy meerderes wees. Populariteit word maklik verkry en weer verloor en moet volgens Wolseley net op sy werklike waarde beoordeel word. Hy was een van die mees belese figure onder die generaals, met 'n oop oog vir natuurskoon, blomme en sonsondergange. Hy het 'n ruime maat gehad aan Britse 19de eeuse arrogansie en vas geglo dat Britse beheer oor die Transvaal sal bly bestaan so lank as wat die son daar is. Soos soveel van sy tydgenote het hy die Boere grensloos onderskat. Hulle was slegs 'n onwetende en halsstarrige groep mense, weifelende lafaards. Veral die Afrikaanse vrou het hy baie eensydig beskryf en dis onduidelik waarom sy oordeel, wat deurgaans skerp genoeg was, hier so ver mis was.

Uit sy dagboek blyk dit hoe moeilik dit blykbaar vir Britse amptenare was om agter te kom wat werklik onder die Transvaalse bevolking aan die roer was. Shepstone het hom volkome misreken. Interessant is Wolseley se openbaring dat Shepstone bemerk het dat hy die Volksraad nie tot anneksasie sou kon oorreed nie en op punt gestaan het om die plan te laat vaar. Dit was Henderson, Natalse handelsman met wye spekulasies in Transvaal wat nou in gevaar gekom het, wat Shepstone aangespoor het om met sy oorspronklike planne aan te gaan. "Such is, I believe, the secret history of this infernal annexation, which is destined to give us so much

trouble," versug Wolseley in Januarie 1880.

Soos die meeste reisverhale is ook Wolseley se beskrwyings van reise in Transvaal en Natal vol interessante besonderhede.

Die twee dele van Wolseley se dagboek gee tesame 'n agtergrondsbeeld van die geskiedenis van Suid-Afrika in die tweede helfte van die 19de eeu wat by min ander bronne aangetref word. Ons het hier te doen met die persoonlike, onverbloemde getuienis van een van die mees vooraanstaande generaals van sy tyd. Dis nie altyd 'n aangename verhaal om te lees nie, maar vir die Suid-Afrikaanse geskiedskrywer is dit van onskatbare waarde.

*F.G.E. NILANT*
*Universiteit van Pretoria*

DAVID HOLLOWAY: *Lewis and Clark, and the Crossing of North America.* Weidenfeld and Nicolson, London, 1974, 224 pp., 124 illus. (17 in kleur), £2.95.

As ons in gedagte hou hoe ver die Trekboere in die middel van die 18de eeu reeds in die binneland van Suid-Afrika ingedring het, is dit verbasingwekkend dat in 1803 so te sê nog niks bekend was oor die westelike binneland van Noord-Amerika nie. Eers toe in daardie jaar 'n groot deel van Louisiana van Napoleon gekoop is, het Thomas Jefferson begin aandring op ondersoek van die onbekende gebiede. Meriwether Lewis en William Clark het die opdrag ontvang om 'n moontlike oos-wes-verbinding deur middel van riviere te ondersoek en om verslag uit te bring oor die land en sy inwoners.

Die keuse van hierdie twee mans het geblyk baie gelukkig te wees; selde kon twee leiers van staanspoor af so uitstekend met mekaar saamwerk. Die ekspedisie het die beloop van die Missouririvier en die boloop van die Columbiarivier ondersoek. Daar is baie gegewens versamel oor die Indiane en hul gewoontes. Sonder die ekspedisie en die baie noukeurige aantekeninge wat oor alles gemaak is, sou baie van die volkekundige kennis vir altyd verlore gegaan het.

Na baie wederwaardighede, soos moeilikheid met watervalle en stroomversnellings, vyandige Indiane, bergagtigheid van party streke, bere en wolwe, het die ekspedisie op 15 November 1805 die kus van die Stille Oseaan bereik. Hulle het verwag dat daar 'n skip op hulle sou wag. Toe dit nie die geval blyk te wees nie, is besluit om weer oorland terug te keer. Hierdie terugreis het gedeeltelik deur ander streke gelei en sytakke van 'n aantal riviere is verken. Ongelukkig het voorrade verminder en was dit moeiliker om handel te dryf met die inboorlinge, wat steeds aggressiewer geword het. Na 770 dae het die ekspedisie teruggekeer in St. Louis, waar dit eintlik al as verlore beskou was.

Aan die hand van dagboeke van die ekspedisieleiers verhaal die skrywer 'n menigte van besonderhede. Merkwaardig is dat die Indiane, wat nog nooit 'n swartman gesien het nie, hul kon verkyk aan die swart slaaf van Clark. Veel hulp is ontvang van 'n Indiaanse vrou, wat oorspronklik uit die westelike deel van Amerika gekom het en wat die taal en gewoontes van die bevolking geken het.

Die afstande in Noord-Amerika is groot en die berge en riviere is dikwels woes en indrukwekkend. Die ekspedisie het bevind dat daar geen waterverbinding moontlik was tussen oos en wes van die land nie. Wel het vir die eerste keer die geweldige vlaktes van die midde van Amerika onder die aandag van die Amerikaners in die ooste van die land gekom. Hier was geweldige moontlikhede in streke wat slegs deur buffels bewoon is. Vir twee eeue het die Amerikaners vasgeklou aan die ooste van die land. Nou besef hulle vir die eerste keer dat die hele kontinent tot hul beskikking staan.

Die boek het besonder interessante afbeeldings. Party is dié van George Catlin, wat in 1830 langs dieselfde roete as Lewis en Clark gereis het. Hierdie afbeeldings vertoon veel ooreenkoms met die skilderye wat in die 18de en 19de eeu in Suid-Afrika gemaak is: hulle is vol inligting oor die streek en sy bevolking, in uitvoering geneig tot die romantiese, met meesal 'n aangename kleur. Topografies is al hierdie werke natuurlik uitermate belangrik, maar dis veral die menigte plante en diere, wat met veel ywer en noukeurigheid uitgebeeld is, wat soveel daartoe bydra om 'n indruk te gee van hoe die land oorspronklik daar uitgesien het.

Die ekspedisie van Lewis en Clark is een van die uitstaande gebeurtenisse in die ontdekkingsgeskiedenis van die Noord-Amerikaanse kontinent. Dit kan vergelyk word met die ekspedisie van dr. Andrew Smith van 1834—1836 in die binneland van Suidelike Afrika.

Hierdie boek gee 'n uitstekende kyk op die oorsake, die politieke agtergrond, die verloop en resultate van die grootse ekspedisie van Lewis en Clark. Die illustrasies is goed. Dit vorm 'n deel van 'n reeks oor groot ontdekkingsreisigers en laat ons hoop dat ook Burchell en dr. Smith 'n plek in hierdie reeks sal kry.

*F.G.E. NILANT*
*Universiteit van Pretoria*

JANE SALES: *Mission Stations and the Coloured Communities of the Eastern Cape, 1800—1852.* Kaapstad, A.A. Balkema, 1975, viii—176 pp., 11 illus., R9,50.

Die strewe van die Britse regering na die eerste besetting van die Kaap was om die Kaapse wit-swart bevolking te skei en die Xhosas buitekant die Kolonie te hou. Die Visrivier sou die grens vorm en in die grensgebied sou wet en orde gehandhaaf word. Die grenspolitiek ten opsigte van die Ngqika en Ndlambi was egter kwalik realisties, vir die plaaslike bevolking was die nuwe grensbegrip vaag en daar was baie swerwende veeboere en Hottentotte langs die grens. Die boere het hul eie kommando's gevorm.

Tydens die Bataafse bewind het generaal J.W. Janssens geen vertroue in dr. J.T. van der Kemp en sy helper, eerw. J. Read, gehad nie. Die sendingstasie wat Van der Kemp in 1803 naby Bethelsdorp begin het, sou baie meningsverskil uitlok en op sy beurt ongetwyfeld wetgewing beïnvloed. Janssens het Van der Kemp as pro-Engels beskou en daar was sekerlik grond vir sy wantroue in hom. Die sendingstasie het Janssens beskou as 'n plek wat werkvolk kon oplewer, terwyl die sendelinge juis gelyke regte vir Hottentotte en blankes voorgestaan het.

Die doelstelling van die sendingstasie te Bethelsdorp, en later ook dié te Katrivier, Hankey en Theopolis, was tweeslagtig. Daar is gestrewe na sowel ekonomiese selfstandigheid as evangelisasie. Die grond was sleg, boerdery is dikwels sonder veel kennis verrig, daar was droogte en oorstromings — alles dinge wat vooruitgang gestrem het. Deur onderwys, en veral vakonderrig, is getrag om die Hottentotte tot die peil van vakmanne te verhef. Tegelykertyd is verkondiging van die evangelie as hoofdoel gestel maar daar was deurgaans te min tyd en mense beskikbaar om aan alles aandag te gee. Daar het ook onenigheid onder die sendelinge geheers en in 1819 het Somerset gedreig om die stasies te sluit as daar geen verbetering sou kom nie.

Hoewel die sendingstasies dus geen goeie naam gehad het nie, is dit duidelik dat verskillende belange gebots het. Die Kaapse regering het rus, orde en welvaart nagestrewe. Die algemene toestand in die Oos-Kaap, grensmoeilikhede en -oorloë, het dit nie in die hand gewerk nie. Die plaasboere het 'n groot tekort aan werkvolk gehad en die groot aantal rondsittende volk op die sendingstasies was vir hulle 'n daaglikse ergernis. Die sendelinge het evangelisasiewerk gedoen, getrag om die Hottentotte ekonomies op te hef en met die blankes gelykgestel te kry. Laasgenoemde oogmerk is teoreties met Ordonnansie 50 van 1828 bereik. Maar as gevolg van die gedurige grensoorloë het ekonomiese vooruitgang 'n probleem gebly. Die belange van die onderskeie groepe kon nooit in ooreenstemming gebring word nie.

Die gegewens vir hierdie boek is hoofsaaklik verkry uit die argief van die Londense Sendinggenootskap en uit briefwisseling. Die onderwerp leen hom tot eensydigheid, en een van die groot verdienstes van die boek is die onpartydigheid wat deur dr. Sales gehandhaaf is. Tog spreek hy ook kritiek uit. So word die optrede van Henry Pottinger as oorhaastig en onoordeelkundig uitgelig, terwyl die ideale van dr. John Philip as 'n droom aangestip wat nie verwerklik kon word nie. Ook wys hy daarop dat die Hottentotte omstreeks 1800 'n vyand van sowel die regering as die Oos-Kaapse boere was. Deur die optrede van die sendelinge het hulle na 'n halwe eeu wel tot die laagste deel van die bevolking behoort, maar was tog 'n deel daarvan. Die aanvanklike vyandskap het verdwyn.

Die sendingwerk het minstens een voordeel gehad: dit het die Hottentotte geleer om hulle by die gewoontes van die Westerse samelewing aan te pas.

Vir enigeen met belangstelling in die geskiedenis van die Oos-Kaap of in sendinggeskiedenis, is dit 'n uiters waardevolle boek.

*F.G.E. NILANT*
*Universiteit van Pretoria*

## VIR DIE HOËRSKOOL

NORA STEYN: *Temmers van die Oosgrens.* Perskor, 1975, 90 pp., R2,85

Hierdie boekie vir leerlinge handel oor die Britse Setlaars. Dit beslaan vier afdelings, nl. Robert Hart se koms na Suid-Afrika op soek na avontuur, hoe die Setlaars die Oosgrens kom bewoon het, hoe Elizabeth Salt Grahamstad gered het en hoe Richard Gush Salem 'n Setlaardorp gered het. Die boekie is in 'n lewendige verhaaltrant vertel en toeganklik vir 'n kind. Die tydgenootlike afdrukke van skilderye is mooi, maar die illustrasies in swart en wit onaantreklik. Dit bevat 'n nuttige literatuurlys oor die Setlaars.

J.D. KILIAN: *Laat ons veg.* Perskor, 1975, 121 pp., R3,40.

Die boek bevat die oorlogservaringe van Petrus J.J.D. Kilian, vertel deur sy seun ds. J.D. Kilian. Dis opgeteken in 1930, elf jaar voor sy dood in 1941, deur sy seun Nico en aangevul deur die herinneringe van ds. Kilian, genaamd "Oubasie", wat ook op kommando was. Die optekeninge het geskied op versoek van die kinders van Nico Kilian. Toe was Petrus die verteller, reeds 'n ou man van sowat tagtig jaar. Die herinnerings gaan terug tot sy deelname in die Basoeto-oorlog van 1865 toe hy Vrystater was. Later word hy Transvaler in die Onderste Rooikoppe, distrik Heidelberg, en bewoon die plaas Boskop. Hy veg in die Eerste Vryheidsoorlog op Amajuba, en in 1883 teen Mapog. Hy neem deel aan die Tweede Vryheidsoorlog en veg tot die einde toe, o.a. ook by genl. De Wet in die Noord-Vrystaat. Daar word gegewens verstrek oor etlike botsings tussen Boer en Brit in die distrik Heidelberg en o.a. oor veldk. Andries Greyling en kmdt. Fanie Buys wat gewond in Engelse hande geval het. Onder andere word ook berig oor die geveg by Bothaskraal naby Villiers waar die Engelse 'n nederlaag gelei het.

Die vertelling is lewendig en snel en boei die leser. Nuwe en onbekende feite, veral oor die Heidelbergse kommando, kom aan die lig. Dis die verhaal van 'n vryheidstryder wat gely het vir die onafhanklikheid van land en volk.

P.S. SOMERSET en H.J. VAN ASWEGEN: *Die Verhaal van die Mensdom.* Human & Rousseau, Kaapstad, 1975, 447 pp., R9,50.

Aan hierdie soort wêreldgeskiedenis bestaan daar 'n groot behoefte. 'n Mens is dankbaar dat Human en Rousseau as uitgewers 'n ope oog het vir die jeug. Hoewel 'n vertaling van Fry se *Children's History of the World* (Londen, 1972) is dit in Afrikaans deur 'n redaksionele komitee van deskundiges verwerk en aangevul met die oog op die Suid-Afrikaanse behoefte.

Die verhaal van die mensdom is lewendig vertel en pragtig geïllustreer. In 70 hoofstukke word oor 22 van die wêreld se beskawings gehandel. Dit bevat waardevolle inligting. 'n Bladwyser met 1 600 verwysings sal help met naslaanwerk. Dis 'n bruikbare boek wat 'n leerling se algemene kennis sal verryk. Die boek word sterk aanbeveel.

*F.A. VAN JAARSVELD*
*Universiteit van Pretoria*

## THE GOVERNMENT POLICY OF PROTECTOR SOMERSET

M.L. Bush

The author provides an account of a government's mentality and conduct in a time of crisis, the outcome of a royal minority, unprecedented inflation, peasant uprising, reformation and war. He analyses the interplay of personalities, principles, social pressures and changing circumstances in what is certain to become the standard work on one of Tudor England's most controversial figures.

**Cloth: Approx. R15,40**

## THE KING'S PARLIAMENT OF ENGLAND

G.O. Sayles

In this book Professor Sayles draws together for the first time his life long work on the medieval parliament. He places the medieval parliament in its contemporary setting, free from the traditional mythology which still regards popular representation as the focus of interest. This is a major work by the greatest living authority on the subject.

**Paper: Approx. R4,25** **Cloth: Approx. R8,20**

## NEUTRALITY OR COMMITMENT: THE EVOLUTION OF DUTCH FOREIGN POLICY, 1667–1795

*Foundations of Modern History*

Alice Clare Carter

This scholarly analysis of the complex motivation of the Dutch Republic's foreign policy during this period fills an important gap in the history of international relations in the eighteenth century. The author revalues the hitherto accepted view of over-all Dutch incompetence and withdrawal from Europe.

**Paper: Approx. R4,70** **Cloth: Approx. R9,30**

## THE GERMAN NATION AND MARTIN LUTHER

A.G. Dickens

This is not simply another history of the Reformation, but rather an exploration of the central problem of Reformation history, in that it investigates the intellectual and social forces which got Luther's revolt off the ground.

**Cloth: Approx. R8,75**

For a full list of Humanities titles, contact our South African representative: Mrs Branda Chance, Book Promotions (Pty) Ltd, 311 Sanlam Centre, Main Road, Wynberg, Cape.

## EDWARD ARNOLD

**25 Hill Street, London W1X 8LL**